



25 OKTOBER 2026

TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | SING, AL KAN JY NIE | PS. 104 - 107 |



“In ‘n wêreld vol wonder, word ons vasgehou deur ‘n liefde wat ons nie vergeet nie, selfs as ons alles anders vergeet.”

- Henry Nouwen

NOMINASIE VIR GEMEENTERAAD

Dit is vir ons lekker om mee te deel dat **Johan Smit** genomineer is vir die Gemeenteraad. Hy is verkies as voorsitter van die Eiendomskommissie. Hy is deur die GR goedgekeur en die aankondiging dien nou vir tweede week in die TK Nuus vir kennisname.



HAM – HUIS ARISTEA KERSBOKSE

Ons wil graag weer betrokke wees by HAM se jaarlikse Kersfees Skoenboksprojek, spesifiek vir die 9 dogters van Huis Aristeia en hulle 2 versorgers vir wie ons verantwoordelik is as gemeente en met wie ons al 'n lang pad stap.

Indien jy op hierdie manier kan bydra, kontak asb vir Elizmari (084 998 7865).



SKRYFBEHOEFTE


Ons wil graag help met skryfbehoeftes vir behoeftige **kinders vir 2027**. Behalwe penne, potlode en ander skryfbehoeftes, is items soos pennesakkies (space cases), geskikte houers, flip files, boekoortreksels, penne, potlode, kleurkryte, vetkryte, koki's en soortgelyke skool-benodigdhede ook baie welkom. Nuwe items en geldelike bydraes is eweneens welkom. Merk asseblief enige donasie duidelik "Skryfbehoeftes"

Houers sal by die kerkdeure beskikbaar wees. Skenkings kan tot en met 29 November ingehandig word. **Kontak vir Hannetjie (0836501860) vir meer inligting.**



BARHARTIGHEIDS – BEDIENING SAMEKOMS

Ons wil graag saam verder nadink oor ons barmhartigheds-bediening in die gemeente en nooi jou uit om saam te kom dink. Ons ontmoet **2 November om 18:00 in die boonste saal**. Kom raak betrokke en gesels saam. ***Kontak vir Hannelie (0836501860) vir meer inligting.***



POPPEKAS

Die Poppekas-span oefen hard om weer seker te maak ons kuier heerlik op Moeggeploeg Plaas. Moet dit. ie mis nie. Nooi nou al familie en vriende - **8 November om 09:00 in die diens.**



KERSSANGDIENS

Ons sien uit na ons gesamentlike kerssangdiens met Agter-Paarl en Drakenstein Gemeente.

Wanneer: 22 Nov. 2026

Tyd: 19:00

Plek: Toringkerk

Ons vra asb dat 10 mense 'n bordjie eetgoed bring vir die saamkuier na die diens in die saal kontak die kerkkantoor as jy kan help asb.





TORINGKERK

WWW.TORINGKERK.CO.ZA | 021 872 6730

JEUGKOÖRDINEERDER / DIENSLERAAR

Toringkerk is in die hart van die Paarl, wat nou onlangs as stad verklaar is, maar wat nog steeds 'n plattelandse gevoel het. Die kerkgebou is in die middel van die dorp naby die CBD. Die Toringkerk familie is vir meer as 150 jaar 'n hawe van God se genade en omgee vir lidmate, besoekers, vreemdelinge en behoeftiges.

Word jy na ons geloofsfamilie geroep om die volgende te kom doen?

1. Jeugbediening en geestelike begeleiding

Die bestuur en ontwikkeling van ons geloofsfamilie se bediening aan voorskoolkinders, laerskoolkinders, tieners en studente, in samewerking met vrywilligers. Jy moet 'n opregte passie en gawe hê om jongmense en hulle ouers geestelik te begelei.

2. Ons het hart vir die gemeenskap

Jy moet 'n brug tussen ons geloofsfamilie en gemeenskap vorm om mense in te nooi in ons geloofsfamilie en jongmense toerus en mobiliseer om die gemeenskap te dien.

3. Leierskap en organisasie

Jy is 'n energieke persoon, met sterk leierseienskappe, goeie organisatoriese vermoë en die kapasiteit om bedieninge, programme en vrywilligers te koördineer. Jy het al meer as vyf jaar ervaring in Jeugbediening.

4. Verhoudings en spanwerk

Jy het uitstekende interpersoonlike en kommunikasievaardighede, met die vermoë om goeie verhoudings met kinders, jongmense, ouers, vrywilligers en kollegas te bou.

Vergoeding en voordele: Onderhandelbaar, met sinodale skaal as riglyn. Hierdie is 'n 4/8 pos.

Aansoek: Aansoekers moet teen die sperdatum 'n volledige CV stuur aan die kerkkantoor: info@toringkerk.co.za

Dit staan aansoekers vry om 'n kort bekendstellingsvideo van hulleself in te stuur.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 31 Oktober 2026

Diansaanvaarding: 1 Januarie 2027

GEBEURE OM NA UIT TE SIEN



dagboek DIE DATUM



13 SEPT

NAGMAAL
TORINGKERK | 09:30



16-17 OKT BELYDENISKAMP
TK SAAL | 18:00



18 OKT BELYDENIS VAN GELOOF
ROETEMERKER
TORINGKERK | 09:00



30 OKT - 1 NOV GEMEENTE
RETREAT
AMSS, WELLINGTON



8 NOV POPPEKAS
TORINGKERK | 09:00



22 NOV KERSSANGDIENS
TORINGKERK | 19:00

BAIE GELUK

met jou verjaarsdag!

25 Okt Kyle Ferreira
25 Okt Rizaan Maree
25 Okt Suzanne Smit
25 Okt Stephan Steyn
26 Okt Milly Pieterse
27 Okt Joanne Bollmann
27 Okt Christeen Dörnbrack-Kuyler
27 Okt Johan Mostert
27 Okt Hermaine Van der Sluys

27 Okt Ian van Zyl
28 Okt Carlo Townsend
29 Okt Johannes Beyers
29 Okt Lawrence Kilian
29 Okt Karli Rabe
28 Okt Carlo Townsend
29 Okt Johannes Beyers
29 Okt Lawrence Kilian
29 Okt Karli Rabe

29 Okt Linn Willemse
30 Okt Bertie Gebhardt
30 Okt André Mouton
30 Okt Daniel Theron
30 Okt Gert van Schalkwyk
30 Okt Louis Werth
31 Okt Catharina Lourens
31 Okt Robert Schultheiss



KINDERS & JEUG

KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)

Kinderkleingroep hierdie Sondag. Tema: Die mosterdsaadjie

KRUISCONNECT (GR. 8-10)

KruisConnect vanaf na kerk tot 11h00.

TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk gaan voort Dinsdag om 19h00 in die bo saal.

TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

SONDAG, 25 Okt
Matt. 22 : 37-39

WOENSDAG, 28 Okt
Joh. 6:14-15

SATERDAG, 31 Okt
Matt. 5:14

MAANDAG, 26 Okt
1 Joh. 4:10

DONDERDAG, 28 Okt
Ps.119:81

SONDAG 01 Nov
Matt. 5:8-9

DINSdag , 27 Okt
Job. 42:3-5

VRYDAG, 30 Okt
Mark. 8:31

DEURKOLLEKTE SPESIALE KOLLEKTE: MSINGA

Die VGK gemeente Msinga is geleë in die bergagtige streek tussen Ladysmith, Grey Town en Dundee in KwaZulu-Natal. Dis 'n moeilike arbeidsveld, maar die werkkragte hou goeie moed en werk met groot ywer. Mense woon meestal in primitiewe omstandighede, dikwels sonder elektrisiteit en ver van water af. Die gemeente bestaan sedert 1961 en vanaf 1980 ondersteun gelowiges uit die Wes- en Suid-Kaap die werk deur gebede, uitreikaksies en finansiële bydraes. Die Msinga Vennootskap bestaan uit die plaaslike kerkraad saam met gemeentes en instansies uit Kaapland en KZN wat die plaaslike gemeente bystaan met die bekostiging van hul werkkragte en met allerlei gemeenskapsprojekte soos evangelisasie uitreike, bouwerk, kleuterskole en die ontwikkeling van handvaardighede.

KALENDERBORG: OKTOBER



AUTO NANTES.CO.ZA

Tel: 021 872 7733
Fax: 021 872 0338
468 Main Road
Paarl
7646

Vertiaan Dyason

Cell: 084 209 4640

email: vertiaan@autonantes.co.za

KONTAK ONS GERUS!

ONS WIL GRAAG GESELS!

LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

TERREINKOÖRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

AFLOSKOSTER

Johan van Rhyn | 084 792 1040 | info@toringkerk.co.za

ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

RUSOORD: SONDAE OM 10:30 IN RUSOORD KAPEL:
Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek bedien.



DANKOFFERS

DANKOFFERS, MAANDELIKSE
BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176



TORINGKERK ZAPPER

TK WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP
GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN
BLY IN KONTAK
METJOU
TORINGKERK
GEMEENSKAP
VIA
WHATSAPP



TORINGKERK WHATSAPP
GROEP

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.